

Gr 8 Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Kwartaal Oorsig

<p>Kwartaal 1</p>	<p>Konteks: Multi-media Week: 1-4</p> <p>Lu 1 Luister As 2 Lu 2 Lees As 2,4 Lu 3 Lees en Kyk As 3,5,6 Lu 4 Skryf As 2,3,5 Lu 5 Dink en Redeneer As 2,3 Lu 6 Taalstrukture As 4,6</p>	<p>Konteks: Stories/Novelle/Fabel Week: 5 - 9</p> <p>Lu 1 As 1,2,4 Lu 2 As 1,3,5 Lu 3 As 1,6,7,8 Lu 4 As 4,6,7 Lu 5 As 2 Lu 6 As 1,3,7,9</p>	<p>Konteks: Gedigte Week: 10 - 11</p> <p>Lu 1 As 2,4 Lu 2 As 3,5 Lu 3 As 2,6,9 Lu 4 As 4,6 Lu 5 As 2 Lu 6 As 7,8</p>
<p>Kwartaal 2</p>	<p>Konteks: Tekste van ander Leerareas Week: 1 - 4</p> <p>Lu 1 As 3 Lu 2 As 2,4 Lu 3 As 1,4,7,8,9 Lu 4 As 1,6 Lu 5 As 1,3 Lu 6 As 1,7,8,9</p>	<p>Konteks: Drama Week: 5 - 8</p> <p>Lu 1 As 2,4 Lu 2 As 2,3,4 Lu 3 As 1,6,9 Lu 4 As 4,6,7 Lu 5 As 2 Lu 6 As 2,4,5,6</p>	<p>Konteks: Multi-media Week: 9 - 11</p> <p>Lu 1 As 2 Lu 2 As 2,4 Lu 3 As 3,5,6 Lu 4 As 2,3,5 Lu 5 As 2,3 Lu 6 As 4,6</p>
<p>Onthou: Formele take moet vooraf gegaan word deur 'n informele taak.</p>			

<p>Kwartaal 3</p>	<p>Konteks: Tekste van ander Leerareas Week: 1 - 4</p> <p>Lu 1 As 3 Lu 2 As 2,4 Lu 3 As 1,4,7,8,9 Lu 4 As 1,6 Lu 5 As 1,3 Lu 6 As 1,7,8,9</p>	<p>Konteks: Multi-media Week: 5 - 6</p> <p>Lu 1 As 2 Lu 2 As 2,4 Lu 3 As 3,5,6 Lu 4 As 2,3,5 Lu 5 As 2,3 Lu 6 As 4,6</p>	<p>Konteks: Drama Week: 7 - 10</p> <p>Lu 1 As 2,4 Lu 2 As 2,3,4 Lu 3 As 1,6,9 Lu 4 As 4,6,7 Lu 5 As 2 Lu 6 As 2,4,5,6</p>
<p>Kwartaal 4</p>	<p>Konteks: Drama Week: 1 - 4</p> <p>Lu 1 As 2,4 Lu 2 As 2,3,4 Lu 3 As 1,6,9 Lu 4 As 4,6,7 Lu 5 As 2 Lu 6 As 2,4,5,6</p>	<p>Konteks: Gedigte Week: 5 - 6</p> <p>Lu 1 As 2,4 Lu 2 As 3,5 Lu 3 As 2,6,9 Lu 4 As 4,6 Lu 5 As 2 Lu 6 As 7,8</p>	<p>Konteks: Stories/Novelle/Fabel Week: 7 - 10</p> <p>Lu 1 As 1,2,4 Lu 2 As 1,3,5 Lu 3 As 1,6,7,8 Lu 4 As 4,6,7 Lu 5 As 2 Lu 6 As 1,3,7,9</p>

LESPLAN

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Konteks: Drama

Tyd: 3 weke		Graad: 8	
Lu en Ass	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRUIKELBLOKKE VIR LEER
<p><u>Lu 1 Luister As 2.4</u></p> <p>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, radiodramas);</p> <ul style="list-style-type: none"> • beantwoord toenemend moeilike vrae; • identifiseer perspektief/standpunt; • vertel oor en som op; <p>beskryf die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n praatjie, 'n storie).</p> <p>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:</p> <ul style="list-style-type: none"> • is ontvanklik vir idees en respekteer ander se standpunte; • vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte; • is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike wyse en onderbreek nie; 	<p><u>Nota aan onderwyser:</u> (sien bl. 21 van jou Prov Ass Guideline)</p> <p>Die klem val op luister en praat aktiwiteite wanneer dit kom by Afrikaans Eerste Addisionele Taal.</p> <p>Daar word van die leerders hierdie kwartaal verwag om 'n verhalende opstel (120 – 140 woorde) tydens die eksamen te kan skryf. (20)</p> <p>Taak 7 stel dit duidelik dat 'n rolspel wat 'n ware gebeurtenis uitbeeld, gedoen moet word of julle kan selfs 'n debat hou. (10)</p> <p>Vorbereide lees van 'n langer stuk en 'n mondelinge response daarvoor moet gedoen word.</p> <p>Oefen vertaling en laat die leerders 'n resensie van 'n flik uit Engels na Afrikaans vertaal. (20)</p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p> <p>Wanneer 'n drama in gr 8 (<i>onthou dit is die Hoërskool</i>) behandel word, laat die leerders deelneem aan sowel 'n opvoering as 'n deel van die produksie daarvan. Die opvoering behoort die volgende te toon:</p> <ul style="list-style-type: none"> ➤ 'n begrip van die basiese verhoogwerk 	<p>Onderwyser</p> <p>Self/leerder</p> <p>Klas</p> <p>Maats bv. In pare</p>	<p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n afskrif (fotostaat) van die betrokke noodhulpprocedure wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die positiewe</p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigzaam en geduldig</p> <p>Gee individuele bystand</p> <p>As onderwyser behou nog steeds hoë verwagtinge en 'n positiewe houding. Vermyn stereotipering en pas op vir vooroordeel</p>

<ul style="list-style-type: none"> • kritiseer idees en nie die persoon nie. <p><u>Lu 2 Praat As 2,3,4</u></p> <p>As 2 Voer interaksie in die addisionele taal:</p> <ul style="list-style-type: none"> • gebruik taal vir 'n wye verskeidenheid funksies: bied bv. hulp aan en rig 'n uitnodiging (soos: Sal jy daarvan hou om ...?); • neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos rapporteer 'n misdaad aan die polisie). <p>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.</p> <p>As 4 Debatteer sosiale en etiese kwessies:</p> <ul style="list-style-type: none"> • ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris); • betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy hiervan?); • onderbreek die gesprek op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my ...); • gee mening en die redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want ...); • toon instemming (soos: Ek stem saam, want ...) en meningsverskil (soos: Ja, maar ...); 	<ul style="list-style-type: none"> ➤ Die gebruik van elemente soos spanning, simboliek en tydsberekening ➤ Die gebruik van taal, gebare en beweging om karakters te skep ➤ Die gebruik van kostuums, rekwisiete, stelle, ligte of ander beskikbare hulpmiddels (die rookmasjien) ➤ Bewustheid van die gehoor ➤ En laat hulle ook gevoel kry van om agter die skerms te werk ➤ Laat hulle ook verantwoordelik wees vir al die publisiteit (maak plakkate, advertensies oor die streekradio, pamflette ontwerp en verkoop van kaartjies) <p><i>(Laat hulle die vermaaklikheidsbedryf voel en ervaar – hulle het die energie daarvoor)</i></p> <p><u>Aktiwiteit 2</u></p> <p>Voordat daar gelees word verduidelik aan die klas die volgende leesstrategieë.</p> <p>Vluglees is wanneer die eerste en laaste paragraaf van 'n stuk, asook die eerste sin van elke paragraaf vlugtig gelees word om vas te stel waaroor die drama handel.</p> <p>Soeklees is wanneer na spesifieke inligting gesoek word sonder om die drama noukeurig deur te lees.</p> <p>Begriplees is wanneer die inhoud aandagtig deurgelees word met die doel om dit te begryp.</p> <p>Aandagtige lees is wanneer die drama deeglik gelees word</p>	<p>leesstrategieë.</p> <p>Aanbieding</p>	<p>Gebruik 'n glimpen ("highlighter") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p> <p><u>Swak gehoor</u></p> <p>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en "scaffold" die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p> <p>Verkort die aktiwiteit</p>
---	--	--	--

<ul style="list-style-type: none"> wissel tale af, waar nodig. <p>Lu 3 Lees en Kyk As 1,6,9</p> <p>As 1 Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word:</p> <ul style="list-style-type: none"> reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae; evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering. <p>As 6 Gebruik leesstrategieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> pas gepaste leestegnieke op verskillende teksoorte toe (soos: soeklees 'n reinrooster; stiplees instruksies; vluglees 'n koerantberig vir kernidees); verbeter en evalueer leesspoed; gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek die woordbetekenis in die huistaal). <p>As 9 Demonstreer 'n leeswoordeskat van 5 000 tot 6 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 6 500 woorde te mik.</p> <p>Lu 4 Skryf As 4,6,7</p> <p>As 4 Skryf skeppend:</p> <ul style="list-style-type: none"> toon ontwikkelende vermoë om verhale, gedigte en toneelstukke te skryf (soos deur 	<p>om die inhoud te verstaan en om inligting te kan weergee.</p> <p>Oefen altyd een van bogenoemde leesstrategieë wanneer daar in die klas met 'n teks gewerk word.</p> <p><i>(Kyk of dit moontlik is om die plaaslike radiostasie te besoek en hou die omroeper dop)</i></p> <p>Aktiwiteit 3 (Ontwerp 'n drama se buiteblad)</p> <p>Elke leerder gaan vir sy eie drama 'n naam/titel gee en 'n omslag ontwerp wat die drama ondersteun. Daarna gaan die leerders ook die agterblatteks skryf.</p> <p>Die agterblatteks moet inligting bevat oor:</p> <ul style="list-style-type: none"> ➤ Die agtergrond waarteen die drama afspeel ➤ Belangrike feite oor die dramaturg waarin die leser sal belangstel soos die rede waarom/sy die betrokke drama geskryf het, pryse wat die dramaturg al verwerf het vir skryf ➤ Enkele redes waarom 'n spesifieke teikengroep van die drama sal hou ➤ Dalk is daar reeds ander goeie resensies oor die drama geskryf. 'n Gedeelte of sin daaruit kan aangehaal word. <p>Die klas moet 'n uitstalling hou met die ontwerpe van die boekomslae. Die doel is om vir ander leerders te wys hoe lekker dit is om projekte aan te pak. Leerders kan ook stem vir twee van die beste boekomslae om te sien watter drama die beste sal verkoop.</p>	<p>projek</p> <p>Uitstalling</p> <p>portuurassesering</p>	<p>Swak siende: Hierdie leerder moet voor in die klas sit. Onderrigmiddele moet aangepas word. Groter skrif byvoorbeeld. Werkopdragte kan in groter <i>font</i> gedruk word. Of plaas die opdrag op band. Sy klasmaats sal baiekeer vir hom voorlees. Gee vir die leerder ook meer tyd.</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van audio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op</p>
--	---	---	--

<p>figuurlike taal te gebruik);</p> <ul style="list-style-type: none"> vertaal stories (en ander tekste) uit die huistaal. <p>As 6 Benader skryf as 'n prosas:</p> <ul style="list-style-type: none"> skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities; gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf; gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer; skenk aandag aan ontwerp en uitleg. <p>As 7 Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> skryf 'n samehangende teks (soos deur verbindingswoorde te gebruik om paragrawe te skakel); skryf goeie paragrawe met een hoofgedagte, 'n kernsin en ondergeskikte idees/sinne en is in staat om daaroor na te dink; skryf tekste met 'n inleidende en slotparagraaf; skryf vanuit 'n spesifieke perspektief. <p><u>Lu 5 Dink en Redeneer As 2</u></p> <p>As 2 Gebruik taal om te dink:</p>	<p><u>Aktiwiteit 4 (Formele taak: Voorbereide lees en gesprek (10))</u></p> <p>Lees enige gedeelte van jou drama hardop voor. Verduidelik karakterisering en indien daar voorbeelde van manipulerende taal, oorredende taal, emotiewe taal of partydigheid is - bespreek dit.</p> <p>Wenke vir voorbereide luidlees</p> <ul style="list-style-type: none"> Gehoorkontak by lees beteken dat jy <i>vooruit</i> moet kan lees, dat jy sonder moeite kan opkyk, 'n paar woorde vir die klas/gehoor kan sê en hulle reaksie monitor voordat jou oë weer na die drama /teks gaan. <i>(hou vir Riaan Cruywagen dop as hy die Nuus in die aande op TV lees)</i> Lees vloeiend, korrek, entoesiasies en vooruit. <i>(oefen by die huis voor 'n spieël)</i> Ontspan jou liggaam. Moenie so styf soos 'n stok staan en praat nie, maar moet ook nie te veel met jou arms en hande beduie nie. Jou gesigsuitdrukking en liggaamshouding kan byvoorbeeld gebruik word om meelewing te toon. Pas die korrekte stembuiging (intonasie) toe. Klink die vroe soos vroe en uitroepsinne klink soos uitroepe as jy hardoplees? Lees hoorbaar, duidelik en teen 'n gepaste tempo. Klink natuurlik. 	<p><u>Formele taak:</u> Voorbereide lees en gesprek</p> <p>rubriek</p>	<p>jou werksvle (soos bv beskrywings en sketse)</p> <p><u>Skryfprobleme</u></p> <p>Hou jou sinne kort</p> <p>Vra die leerder eerder om op te som as om lang stukke te skryf</p> <p><u>Disleksie:</u> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p><u>In die klaskamer</u></p> <p>Sorg dat daar leesmateriaal (fiksie sowel as nie-fiksie) in die klaskamer is.</p> <p>Tydskrifte en koerante en interessante artikels moet moet beskikbaar wees.</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul</p>
---	---	---	---

<ul style="list-style-type: none"> • stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Indien dit verander, wat sal ook verander?); • skryf definisies, klassifikasies en veralgemenings; • verstaan en gebruik bewyse wat 'n teorie of argument staaf (soos 'n foto, voorwerpe uit die verlede, 'n onderhoud met 'n getuie). <p><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik As 2,4,5</u></p> <p>As 2 Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondeling en skriftelik te kommunikeer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme; • alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings; • algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme); • voornaamwoorde: persoonlik (soos: jy, u, julle), besitlik (soos: hare, Stanley s'n), betreklik (soos: wat, vir wie), vraend (soos: wanneer, waarom) en onbepaald (soos: 'n mens ... jy/jou); • determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: twaalf, eerste); • hulpwerkwoorde om tyd en modaliteit uit te 	<p><u>Aktiwiteit 5 (Oefening vir rolspel: 'n dialoog – formele taak)</u></p> <p>Verbeel julle dat julle 'n onderhoud met 'n bepaalde karakter uit jul drama voer.</p> <p>Skryf vrae neer wat julle aan hom sal stel bv. Oor sy werk, ander belangstellings, hoe hy by sy spesifieke intrige/storielyn betrokke geraak het, sy drome of ideale, watter hoogtepunte was daar? Wat is daar omtrent die werk waarvan hy hou? Sy kinderjare, opvoeding en ander belangrike invloede op sy lewe.</p> <p><u>Aktiwiteit 6 (Vorbereiding vir die skryf van 'n verhalende opstel)</u></p> <p>In 'n verhalende opstel word 'n storie vertel. Die verhaal moet uitsonderlik en merkwaardig wees. Dit moet van 'n goeie vertelvermoë getuig en die leser boei. Daar is 'n stygende lyn van spanning. Dit kan dramaties, humoristies, ernstig of selfs treurig wees.</p> <p>Onthou die skryfproses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities; • gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf; • gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer; <p>Leerders kan ook 'n kopdiagram of kopkaart maak om hul idees neer te pen.</p> <p>Onderwysers moet tog onderwerpe voorsien waarby die leerders aanklank vind en wat die leerders al in die ware lewe</p>	<p>Rolspel/dialoog</p> <p>Informele taak: skryf van verhalende opstel</p> <p>Vorbereiding</p> <p>Die skryfproses</p>	<p>onderskeie agtergronde moet erken word</p> <p><u>Hiperaktiewe kind:</u> Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.</p>
--	---	--	--

<p>druk;</p> <ul style="list-style-type: none"> • soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin); • enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde, voorwerp en bepalings; • die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomstetydsvorm; • alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek); • die ontkennde vorm (soos: Ek speel nie tennis nie; Dit is nêrens nie); • die verbinding van sinne met voegwoorde met die korrekte woordorde; • die korrekte gebruik van "wanneer", "toe", "dan" in die verskillende tye; • die gebruik van hulpwerkwoorde in beleefde versoeke (soos: Mag ek jou potlood leen?); • eenvoudige voorbeelde van die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm; • die direkte en indirekte rede op 'n eenvoudige vlak (soos dialoog by spotprente); • leestekens (punt, komma, dubbelpunt, vraagteken, uitroepeteke, aanhalingstekens). <p>As 4 Brei woordeskat uit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • verstaan en gebruik woorde wat verwarrend 	<p>ervaar het.</p> <p><u>Aktiwiteit 7</u></p> <p>Beskryf die misdadiger wat in jou drama voorkom en maak 'n skets van hom/haar.</p> <p>Gee elke leerder die kans om sy/haar beskrywing van sy/haar misdadiger aan die klas voor te stel. Terwyl die betrokke leerder lees moet die res van die klas luister na die beskrywing en 'n polisie-skets van die misdadiger maak. Kyk hoe die leerders sekere beskrywende woorde uitbeeld. Is daar ooreenkomste wat sketse aanbetref?</p> <p>Onthou 'n karakterskets is die beskrywing van 'n persoon: uiterlik sowel as innerlik. Dit behels ook beskrywings van sy houding, handeling en optredes. Sy emosies (liefde, woede, haat, nederigheid ens.) moet ook in die beskrywing weerspieël word.</p> <p>Om 'n karakter interessant te beskryf, moet daar weg beweeg word van die gewone ordinêre en eerder gefokus word op 'n eksentrieke, eiesoortige karakter bv. 'n boemelaar, 'n misdadiger agter tralies. Dink aan wat is anders aan die persoon. Dit wat hom so uniek maak en onderskei van die gewone man.</p> <p>Wenke aan die leerders:</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ wees oorspronklik by die uiterlike beskrywing van die karakter ▪ Gebruik treffende vergelykings om sy uitstaande kenmerke uit te beeld. ▪ Verwys na sy innerlike geaardheid en besondere karaktereienskappe ▪ Sy snaakse maniertjies en eienaardighede kan ook 	<p>Volg instruksies</p> <p>Doen 'n tekening van 'n karakter volgens instruksies</p>	<p>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.</p> <p>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word.</p>
--	---	---	---

<p>kan wees (soos: eie, eier, uie; kuier, besoek; kwaad, kwaai);</p> <ul style="list-style-type: none"> • gebruik woorde wat ongeveer dieselfde beteken en woorde met teenoorgestelde betekenis; • brei die gebruik van alledaagse samestellings uit (soos: skoolklok, landsvlag) en van afleidings (soos: ongelukkig, skrywer); • ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die natuur verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie); • Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesourus. <p>As 5 Demonstreer begrip van 5 000 tot 7 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 8. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 7 500 woorde te mik.</p>	<p>speels beskryf word.</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Gebruik gepaste uitdrukkings, idiome, idiomatiese benamings om jou karakter te beskryf ▪ Eerder te veel detail as te min <p><u>Aktiwiteit 8</u></p> <p><u>Een woord vir baie</u></p> <p>Verdeel die klas in twee</p> <p>Die een helfte moet 'n beskrywing van iets gee (verkieslik uit die drama as bron/konteks) terwyl die ander helfte dan een woord daarvoor moet gee.</p> <p>Bv. Die plek waarop 'n vliegtuig beweeg voordat dit opstyg</p> <p>Laat leerders kyk hoeveel beskrywings hulle uit die drama kan kry.</p>	<p>Een woord vir baie speletjie</p>	<p><u>Leerders met 'n spraakgebrek</u></p> <p>Gee minder tyd vir hierdie leerder om terug te rapporteer. Verkort die mondeling aktiwiteit om hierdie leerder te akkommodeer</p>
<p>Hulpmiddel: Volgende keer as jy winkels toe gaan - kyk of jy die tydskrif BRAVO op die winkelrakke sien KOOP DIT !!! Propvol idees en inligting wat jy in jou Afrikaanse klas kan gebruik wanneer die drama as genre behandel word.</p> <p>Nabetragting:</p>			

Kontroleer of jou boekomslag en agterblad aan die volgende vereistes voldoen:

Kontrolelys vir leerders se eie gebruik	Ja	Nee
Trek die omslag die leser se aandag?		
Sal die omslag (teks, ontwerp, illustrasies, lettertipe en lettergrootte) die leser oorreed om die drama te lees?		
Is daar 'n verband tussen die teks op die agterblad en die grafiese material op die omslag?		
Gee die agterblad vir die leser belangrike inligting oor die onderwerp van die drama?		
Is die uitleg logies en samehangend?		
Is die fonttipe en fontgrootte van die title gepas en aantreklik?		
Is die taalgebruik en styl gepas vir die doel van die drama? <i>(Wie is jou teikenmark?)</i>		
Is die boekomslag en agterblad geredigeer vir taalfoute? <i>(Taal en styl is belangrik)</i>		

LESPLAN

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Konteks: Gedigte

Tyd: 3 weke		Graad: 8	
Lu en Ass	ONDERWYSER EN LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRIKELBLOKKE VIR LEER
<p><u>Lu 1 Luister As 2,4</u></p> <p>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, radiodramas);</p> <ul style="list-style-type: none"> • beantwoord toenemend moeilike vrae; • identifiseer perspektief/standpunt; • vertel oor en som op; • beskryf die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n praatjie, 'n storie). <p>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:</p> <ul style="list-style-type: none"> • is ontvanklik vir idees en respekteer ander se standpunte; • vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte; • is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike wyse en onderbreek nie; 	<p>Nota aan onderwyser: (<i>Sien jou Prov Ass Guideline bl. 21</i>)</p> <p>Die klem val op luister en praat aktiwiteite wanneer dit kom by Afrikaans Eerste Addisionele Taal.</p> <p>Daar word van die leerders hierdie kwartaal verwag om 'n verhalende opstel (120 – 140 woorde) tydens die eksamen te kan skryf.</p> <p>Taak 7 stel dit duidelik dat 'n rolspel wat 'n ware gebeurtenis uitbeeld, gedoen moet word of julle kan selfs 'n debat hou. (10)</p> <p>Vorbereide lees van 'n langer stuk en 'n mondelinge response daarvoor moet gedoen word.</p> <p>Oefen vertaling en laat die leerders 'n resensie van 'n flik uit Engels na Afrikaans vertaal. (20)</p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p> <p>Waar moet die leerder begin om 'n gedig te verstaan?</p> <ul style="list-style-type: none"> × Laat die leerders vir mekaar die gedig saggies voorlees (<i>oefen paarlees</i>) × Laat die leerders begin by die titel. Laat hulle raai wat dit beteken. Laat hulle 'n woordeboek gebruik. 	<p>Onderwyser</p> <p>Maats bv. In pare</p> <p>Self/leerder</p> <p>Hele Klas</p>	<p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n afskrif (fotostaat) van die betrokke teks wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die positiewe</p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigzaam en geduldig</p> <p>Gee individuele bystand</p> <p>As onderwyser behou nog steeds hoë verwagtinge en 'n positiewe houding. Vermyn stereotipering en pas op vir vooroordeel</p>

<ul style="list-style-type: none"> • kritiseer idees en nie die persoon nie. <p><u>Lu 2 Praat As 3,5</u></p> <p>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.</p> <p>As 5 Toon 'n kritiese bewustheid van eie taalgebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • gebruik taal om mense by situasies te betrek en nie uit te sluit nie. <p><u>Lu 3 Lees en Kyk As 2,6,9</u></p> <p>As 2 Verstaan sommige elemente van poësie (soos vergelyking, klanknabootsing):</p> <ul style="list-style-type: none"> • verstaan begrippe wat gebruik word om sommige van hierdie elemente te beskryf (soos vergelyking). <p>As 6 Gebruik leesstrategieë:</p> <ul style="list-style-type: none"> • pas gepaste leestegnieke op verskillende teksoorte toe (soos: soeklees 'n reinrooster; stiplees instruksies; vluglees 'n koerantberig vir kernidees); • verbeter en evalueer leespoed; • gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek die woordbetekenis in die huistaal). <p>As 9 Demonstreer 'n leeswoordeskat van 5 000 tot 6 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik,</p>	<ul style="list-style-type: none"> ✗ Laat hulle woorde wat hulle gaan naslaan met 'n glimpen merk. ✗ Moedig die leerders aan om eie navorsing te doen ✗ Kyk na die gedig as 'n geheel. Die vorm, watter leestekens en skryftekens gebruik is (of nie gebruik is nie) en die spasiëring van woorde ✗ Hoe het die digter nuwe woorde geskep en waarom het hy dit gedoen? ✗ Verander daar dinge van die begin van die gedig na die einde van die gedig? ✗ Word sekere dinge herhaal? ✗ Is daar 'n dieper betekenis of boodskap? ✗ Vergelyk jou antwoorde met jou maats s'n <p>Daar is geen verkeerde antwoorde nie. Laat die leerders net spontaan deelneem en die liefde vir poësie ontdek.</p> <p><u>Aktiwiteit 2 (Luister aktiwiteit)</u></p> <p>Het jy as onderwyser al ooit vir jou klas Johannes Kerkorrel se liedere gespeel soos by "<i>Hillbrow</i>, <i>Somer</i>, <i>Hoe ek voel</i>" of enige liedjie van Jak de Priester of selfs Coenie de Villiers se "<i>Karoonag</i>" gespeel.</p> <p>Gaan kyk gerus na die woorde van die liedjies binne die cd omslag. Gebruik dit gerus vir 'n luisteraktiwiteit.</p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Is jou leerders goed toegerus wat hul kennis aangaande poësie betref?</p> <p>Is jou leerders aan die volgende digsoorte bekend gestel?</p>	<p>Luister aktiwiteit</p>	<p>Gebruik 'n glimpen ("<i>highlighter</i>") om net die sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p> <p>Hiperaktiewe kind: Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkie.</p> <p>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.</p> <p>Sigbelemmerings: Leerders kan wisselende grade van probleem met druk (lettertipes en lettergroottes) grafika en klei voorwerpe ondervind. Dit sal dan nodig wees vir getikte en/ of verbale uiteensetting nodig wees in die plek van visuele aanbiedings.</p> <p>Alle visuele materiaal moet ook van geskrewe</p>
---	--	---------------------------	--

behoort hulle na 6 500 woorde te mik.

Lu 4 Skryf As 4,6

As 4 Skryf skeppend:

- toon ontwikkelende vermoë om verhale, gedigte en toneelstukke te skryf (soos deur figuurlike taal te gebruik);
- vertaal stories (en ander tekste) uit die huistaal.

As 6 Benader skryf as 'n proses:

- skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities;
- gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;
- gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;
- skenk aandag aan ontwerp en uitleg.

Lu 5 Dink en Redeneer As 2

As 2 Gebruik taal om te dink:

- stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Indien dit verander, wat sal ook verander?);
- skryf definisies, klassifikasies en veralgemenings;
- verstaan en gebruik bewyse wat 'n teorie of argument staaf (soos 'n foto, voorwerpe uit

Vrye vers, limeriek, haikoe, 'n ballade, Italiaanse sonnet, Engelse sonnet, 'n ode

Leerders moet nie net stylfigure kan herken nie, maar moet ek weet wat is die funksie (doel) daarvan. Byvoorbeeld **progressie** dui op ontwikkeling en vooruitgang terwyl **regressie** op agteruitgang dui. *Bv word siek, brandmaer, net vel en been* en nog 'n voorbeeld *vererg, vervies, word kwaad, woede-uitbarsting*

Aktiwiteit 4 (speletjie)

Toets jou leerders se kenmerke van poësie- veral beeldspraak.

Kies die korrekte voorbeeld uit Kolom B wat die beste gaan pas by die tipe beeldspraak in Kolom A

Kolom A	Kolom B
1 vergelyking	a) agt versreëls
2 metafoor	b) "ek het al vir jou duisend maal gesê"
3 personifikasie	c) "Die bedrieër is soos 'n slang"
4 klanknabootsing	d) "die bedrieër is 'n slang"
5 koeplet	e) "die rotse fluister"
6 tersine	f) Drie versreëls
7 kwatryn	g) Verwag nie 'n antw. nie omdat die antw. vanselfsprekend is

Speletjie

verduidelikings/byskrifte voorsien wees. Wanneer visuele materiaal wel in die klas gebruik word, moet groot letters in **vetdruk** gebruik word.

Gehoerbelemmerings

Leerders kan verskillende grade van gehoorgestremdheid hê. Om sulke leerders te help moet stapsgewyse demonstrasies/visuele materiaal/gebaretaal voorsien word wanneer die onderwyser mondelinge opdragte gee.

Leerders kan hulle lyftaal, dramatiserings en mimiek gebruik in die plek van woorde.

Maak gebruik van die maatsisteem waar leerders sonder gehoorprobleme maats met gehoorbelemmerings kan help

Swak gehoor

Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n

die verlede, 'n onderhoud met 'n getuie).

Lu 6 Taalstrukture As 7,8

As 7 Brei woordeskat uit:

- verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: verveeld, vervelig; aand, nag; spieël, speel; help, hulp);
- toon taalgevoeligheid vir woorde (soos: *jy/julle* teenoor *u*; *mond* teenoor *bek*; *maag* teenoor *pens*);
- gebruik enkele vergelykings (soos: so dood soos 'n mossie; so arm soos 'n kerkmuis; so koel soos 'n komkommer);
- gebruik een woord vir 'n omskrywing (soos: 'n plek waarheen siek mense gaan - 'n hospitaal; messe, vurke, lepels - eetgerei; wortels, boontjies, patats, mielies - groente);
- gebruik voor- en agtervoegsels om nuwe woorde te vorm (soos: bedags, weekliks, onskuldig);
- brei gebruik van samestellings uit (soos: lewe + verhaal = lewensverhaal);
- gebruik sinonieme en antonieme;
- ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die liefde verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);
- Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesaurus.

8	seksstet	h) “gedoef-doen, zoem”
9	oktaaf	i) Twee versreëls
10	alliterasie	j) Herhaling van dieselfde konsonante in 'n versreëls
11	assonansie	k) Herhaling van dieselfde vokaal in 'n versreël
12	Retoriese vraag	l) Vier versreëls
13	hiperbool	m) Ses versreëls

Laat die leerders saam met 'n maat uitwerk wat in Kolom B pas by Kolom A en skryf die antwoord as volg neer: 1 n

Aktiwiteit 5 (speletjie)

Leerders voer die opdrag van die speletjie uit om hul kennis en vaardighede oor intensiewe vorme uit te brei.

- Knip 20 kaartjies van 10 cm × 5 cm uit kartonpapier
- Knip voorbeelde van adjektiewe uit gedigte, kortverhale, koerante en tydskrifte (*Leef en Finesse*) en indien nodig, vergroot dit op die kopieermasjien
- Plak hierdie adjektiewe op die kaartjies vas
- Hou die kaartjies onderstbo. Plaas dan 'n kaartjie met 'n adjektief na bo, op die tafel neer. Die leerder wat die korrekte intensiewe vorm eerste gee, kry een punt. Kyk wie kan die meeste punte kry.

speletjie

bietjie stadiger en “scaffold” die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk.

Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes

Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.

Verkort die aktiwiteit

Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer illustrasies sal ook help.

Maak meer gebruik van audio visuele materiaal

Kry hulp van spesiale skole bv. braille

Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvelle (soos bv beskrywings en sketse)

Disleksie: Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word.

<p>As 8 Demonstreer begrip van 4 000 tot 6 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 8. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer woorde te mik.</p>	<ul style="list-style-type: none"> ▪ Speel nou met die kaartjies van 'n ander maat in die groep <p><u>Aktiwiteit 6</u></p> <p>Verbeter jou leesspoed.</p> <p>Lees baie. Doen fiksasie-oefeninge</p>		<p>Hierdie leerlinge moet ook nie gepeenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p> <p>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.</p> <p>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word.</p>
--	--	--	---

Assessering

Naam van leser:.....

Naam van evalueerder:.....

Hoeveel woorde per minuut het jou maat gelees?.....

Assesseer jou maat se leesvermoë deur na die volgende te let:

20 punte 5 vrae	Sukkel om dit reg te kry 1	Redelik 2	Goed 3	Uitstekend 4
Spreek jou maat die woorde korrek uit?				
Verstaan jou maat wat hy gelees het? <i>Toets jou maat se begrip deur 'n paar vrae oor die teks aan hom te stel</i>				
Lees jou maat vloeiend en vlot?				
Lees jou maat duidelik hoorbaar?				
Word seker woorde beklemtoon en word die tempo afgewissel?				

LESPLAN

(volksverhale/kortverhale/novelle/fabel)

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Konteks: Kortverhaal

Tyd: 3 weke		Graad: 8	
ONDERWYSER AKTIWITEIT	LEERDER AKTIWITEIT	ASSESSERING	STRIJKELBLOKKE VIR LEER
<p>Lees die kortverhaal voor aan die leerders.</p> <p>Lu: 1 Luister As 1,2,4</p> <p>As 1 Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word:</p> <ul style="list-style-type: none">reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering. <p>As 2 Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, radiodramas);</p> <ul style="list-style-type: none">beantwoord toenemend moeilike vrae;identifiseer perspektief/standpunt;vertel oor en som op;beskryf die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos 'n praatjie, 'n storie). <p>As 4 Luister aandagtig tydens 'n bespreking:</p>	<p>Nota aan onderwyser: (<i>Sien jou Prov Ass Guideline bl. 21</i>)</p> <p>Die klem val op luister en praat aktiwiteite wanneer dit kom by Afrikaans Eerste Addisionele Taal.</p> <p>Daar word van die leerders hierdie kwartaal verwag om 'n verhalende opstel (120 – 140 woorde) tydens die eksamen te kan skryf.</p> <p>Taak 7 stel dit duidelik dat 'n rolspel wat 'n ware gebeurtenis uitbeeld, gedoen moet word of julle kan selfs 'n debat hou. (10)</p> <p>Vorbereide lees van 'n langer stuk en 'n mondelinge response daarvoor moet gedoen word.</p> <p>Oefen vertaling en laat die leerders 'n resensie van 'n flik uit Engels na Afrikaans vertaal. (20)</p> <p><u>Aktiwiteit 1</u></p> <p>Volksverhale (sprokies, mites, legendes, fabels, belewenisse, sages) het ontstaan as mondelinge literatuur wat van geslag tot geslag oorvertel is.</p> <p>Voordat daar gelees word, gesels eers oor die titel. Onderwyser sal aan die leerders voorlees.</p> <p>Leerders luister aandagtig en volg terwyl die onderwyser</p>	<p>Onderwyser Klas</p>	<p><u>In alle gevalle</u></p> <p>Leerders het 'n afskrif (fotostaat) van die betrokke teks wat die onderwyser voorlees</p> <p>Leerder het 'n sterk akademiese maat wat hom te alle tye bystaan</p> <p>Fokus meer op die positiewe</p> <p>Wees behulpsaam en buigbaar/buigzaam en geduldig</p> <p>Gee individuele bystand</p> <p>As onderwyser behou nog steeds hoë verwagtinge en 'n postiewe houding. Vermyn stereotipering en pas op vir vooroordeel</p> <p>Gebruik 'n glimpen ("highlighter") om net die</p>

<ul style="list-style-type: none"> • is ontvanklik vir idees en respekteer ander se standpunte; • vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte; • is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op 'n hoflike wyse en onderbreek nie; • kritiseer idees en nie die persoon nie. <p><u>Lu 2 Praat As 3,5</u></p> <p>As 3 Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.</p> <p>As 5 Toon 'n kritiese bewustheid van eie taalgebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • gebruik taal om mense by situasies te betrek en nie uit te sluit nie. • is diplomaties oor wanneer om die addisionele taal en wanneer om die huistaal te gebruik. <p><u>Lu 3 Lees en Kyk As 1,6,7</u></p> <p>As 1 Lees 'n verhaal (fiksie of nie-fiksie):</p> <ul style="list-style-type: none"> • identifiseer doel, teikengroep en konsteks; • verstaan betekenis van dinge wat nie direk genoem word nie deur afleidings te maak; • verduidelik en evalueer perspektief/houding in sowel die geskrewe as visuele dele van 'n teks (soos besluit of die wêreldbeskouing 	<p>hardop lees. Die onderwyser kan gerus op enige plek ophou met lees en die leerders vra om te voorspel wat gaan gebeur.</p> <p><u>Aktiwiteit 2</u></p> <p>Leerders maak 'n lys van woorde wat hy nie ken nie. (<i>Begin dus sy eie persoonlike woordeboek</i>)</p> <p>Moedig die leerders deurentyd aan om moeilike woorde en frases in enige teks te onderstreep, vrae in die kantlyn of hul werkboeke te formuleer. Belangrike gedeeltes duidelik te merk. Feite of die volgorde van gebeure te nommer of notas te maak van enigiets wat vir hulle belangrik, interessant of onduidelik is.</p> <p><u>Aktiwiteit 3</u></p> <p>Bespreek die volgorde van die kortverhaal. Dui die volgorde van die gebeure op 'n storiesirkel aan. Die kinders werk in pare. Leerders moet woorde uit die storie neerskryf langs hul sketse van die storielyn.</p> <p><u>Aktiwiteit 4</u></p> <p>Die klas bespreek kortliks die karakters en die invloed van die omgewing op die karakters. Watter rol speel die omgewing in die kortverhaal. Maak 'n lys op die skryfbord.</p> <p><u>Aktiwiteit 5</u></p> <p>Laat leerders toe om te gesels oor die kinders se gevoelens. Vra die vraag: <i>Hoe sou jy gevoel het as dit met jou gebeur het?</i></p> <p>Laat toe dat die leerders gesels van hul ervarings. Die onderwyser skryf woorde neer op die skryfbord wat deur die leerders gebruik word, maar ook wat in die kortverhaal voorkom wat later gebruik kan word vir 'n skryftaak. (<i>maak</i></p>	<p>self</p> <p>In pare</p> <p>klasbespreking</p> <p>woordkaarte</p>	<p>sleutelwoorde in te kleur.</p> <p>Wees gedurig in kontak met die ouers</p> <p><u>Klaskameratmosfeer</u></p> <p>Die leerders se verskillende kulture asook hul onderskeie agtergronde moet erken word</p> <p><u>Hiperaktiewe kind:</u> Sorg dat die aktiwiteite korter is. Daar moet ook 'n verskeidenheid van take wees. Die geskrewe take kan ook opgedeel word in korter stukkies.</p> <p>Leerders moet volgens hul vermoëns presteer.</p> <p><u>Sigbelemmerings:</u> Leerders kan wisselende grade van probleem met druk (lettertipes en</p>
--	---	---	--

<p>en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • skryf 'n samehangende teks (soos deur verbindingswoorde te gebruik om paragrawe te skakel); • skryf goeie paragrawe met een hoofgedagte, 'n kernsin en ondergeskikte idees/sinne en is in staat om daarvoor na te dink; • skryf tekste met 'n inleidende en slotparagraaf; • skryf vanuit 'n spesifieke perspektief. <p><u>Lu 5 Dink en Redeneer As 2</u></p> <p>As 2 Gebruik taal om te dink:</p> <ul style="list-style-type: none"> • stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Indien dit verander, wat sal ook verander?); • skryf definisies, klassifikasies en veralgemenings; • verstaan en gebruik bewyse wat 'n teorie of argument staaf (soos 'n foto, voorwerpe uit die verlede, 'n onderhoud met 'n getuie). <p><u>Lu 6 Taalstruktuur en Taalgebruik</u></p> <p><u>As 1,2,4</u></p> <p>As 1 Spel bekende woorde korrek:</p> <ul style="list-style-type: none"> • woorde wat dikwels verkeerd gespel word 	<p>logiese teenargumente te weerlê. Moet nooit kwaad, neerhalend en beledigend word nie.</p> <p>Verdeel die klas in twee groepe. Die een groep ondersteun 'n standpunt terwyl die ander groep die standpunt opponeer.</p> <p>Kies 'n voorsitter wat die orde gaan handhaaf en die verloop gaan bepaal. Die voorsitter bied afwisselend geleentheid aan sprekers om hulle standpunte te stel. Hy vat ten slotte die voordele en nadele saam.</p> <p>Wenke by debatsvoering:</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ Gebruik natuurlike hangebare om die inhoud van jou debat te ondersteun. ▪ Gebruik gepaste gesigsuitdrukkings. Dit moenie oordrewe en aansitterig wees nie. ▪ Maak seker dat jy oogkontak maak met jou gehoor ▪ Praat duidelik en hoorbaar. Let op na die uitspraak van jou woorde. Pouseer indien jy iets wil uitlig of beklemtoon ▪ Praat stadiger as jou normale spraaktempo, want jy wil nie hê dat sekere belangrike inligting verlore moet gaan nie. ▪ Maak seker dat jy jou stemhoogtes afwissel. Moenie net op een stemtoonhoogte praat nie. Beklemtoon sommige woorde deur dit harder of sagter uit te spreek. ▪ Wees rustig en vol selfvertroue. 	<p>maats met gehoorbelemmerings kan help</p> <p><u>Swak gehoor</u></p> <p>Saam lees in spreekore of lees vir hom voor – dit moedig praat en luister aan. Neem die pas 'n bietjie stadiger en “scaffold” die aktiwiteite. Begin by die bekende en bou stadig op tot die moeilike werk.</p> <p>Toets slegs die belangrikste werk of fokus net op sleutelgedagtes</p> <p>Gee geskrewe instruksies in plaas van net verbale instruksies.</p> <p>Verkort die aktiwiteit</p> <p>Lees die materiaal vir hom voor. Verskaf ekstra woordeskatlyste om leerder te ondersteun en te lei. Korter tekste en tekste met meer ilustrasies sal ook help.</p> <p>Maak meer gebruik van</p>
--	--	--

<p>(soos: familie, moeilik, Saterdag, gedurende);</p> <ul style="list-style-type: none"> • woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: jaar, jare; klas, klasse); • woorde wat los of vas geskryf word (soos: Ons speel een uur lank in die park; Om eenuur moet ons by die huis wees); • woorde met hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingstekens); • algemene afkortings (soos: So., Ma., ens.; dr., vm., nm.); • pas kennis van lettergrepe toe deur woorde aan die einde van 'n reël korrek af te kap. <p>As 2 Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme; • alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings; • algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme); • voornaamwoorde: persoonlik (soos: jy, u, julle), besitlik (soos: hare, Stanley s'n), betreklik (soos: wat, vir wie), vraend (soos: wanneer, waarom) en onbepaald (soos: 'n mens ... jy/jou); 	<p><u>Aktiwiteit 9</u></p> <p>Bring kritiese taalbewustheid onder jou leerders se aandag.</p> <p>Verduidelik eers wat elkeen beteken en laat die leerders dan in pare na voorbeelde in die bundel kortverhale soek.</p> <p>Stereotipering is wanneer daar 'n vaste opvatting oor 'n sekere persoon of groep bestaan. So word 'n blonde vrou as dom gestereotipeer, 'n boer as konserwatief, 'n Griek as 'n kafee-eienaar, 'n Indiër as 'n besigheidsman</p> <p>Gevoelstaal (emotiewe taal) is gelaai met emosie. Gevoelstaal word dikwels in die kerk, sport asook in die media (sensasionele beriggewing) gevind.</p> <p>Oorredende taal is wanneer taal ingespan word om die leser te oorreed en tot hul standpunt oor te haal. Gewoonlik is daar 'n aanhaling van een of ander bekende wat gebruik word om jou te oorreed.</p> <p>Manipulerende taal word gebruik om invloed oor ander uit te oefen. Voorbeeld: <i>Jy gaan nie flik as jy nie die toets goed slaag nie.</i></p> <p><u>Aktiwiteit 10</u></p> <p>Gaan soek na soortgelyke storiesinsidente wat in die afgelope jaar in jou plaaslike koerant en op TV-nuus was wat aansluit by die tema/storielyn van die kortverhaal. Kom vertel die klas daarvan en verduidelik hoe die oortreders gestraf is. Dink jy hul straf was regverdig? Motiveer jou standpunt.</p> <p>Skryf 'n nuusverslag en neem julle self op met 'n videokamera en kom vertoon dit in die klas.</p>	<p>In pare</p> <p>Soek na voorbeelde</p> <p>Soek na ooreenkomste in die werklike lewe</p> <p>Nuusverslag</p>	<p>oudio visuele materiaal</p> <p>Kry hulp van spesiale skole bv. braille</p> <p>Take moet ook vereenvoudig word – verminder die inligting op jou werksvulle (soos bv beskrywings en sketse)</p> <p><u>Disleksie:</u> Die aktiwiteite kan meer prakties van aard wees en die instruksies kan verbaal gegee word. Hierdie leerlinge moet ook nie gepenaliseer word vir spelling nie. Assessering moet sover as moontlik mondelings geskied.</p>
---	---	---	---

<ul style="list-style-type: none"> determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: twaalf, eerste); <p>As 3 Brei woordeskat uit:</p> <p>verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: eie, eier, uie; kuier, besoek; kwaad, kwaai);</p> <p>gebruik woorde wat ongeveer dieselfde beteken en woorde met teenoorgestelde betekenis;</p> <p>brei die gebruik van alledaagse samestellings uit (soos: skoolklok, landsvlag) en van afleidings (soos: ongelukkig, skrywer);</p> <p>ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die natuur verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);</p> <p>Gebruik 'n tweetalige en verklarende woordeboek en 'n tesaurus.</p> <p>As 4 Demonstreer begrip van 5 000 tot 7 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 8. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 7 500 woorde te mik.</p>	<p><u>Aktiwiteit 11</u> (Besoek die plek waar die verhaal afspeel)</p> <p>Laat leerders toe om die plaaslike dieretuin/ hospitaal/ 'n bed en ontbyt kamer/ polisiestasie/ lughawe of enige plek wat 'n prominente rol in die kortverhaal gespeel het te besoek. (<i>reël net vooraf dat al die betrokkenes weet 'n groep skoolkinders kom besoek aflê</i>)</p> <p>Laat die leerders observeer hoe daar gewerk word. Laat hulle 'n waarnemingsvel in vul. Laat hulle 'n verslag skryf oor hulle ervarings of laat hulle toe om die rol van 'n karakter te wees wat gely het in daardie omgewing. Skryf sy gedagtes neer.</p> <p><u>Aktiwiteit 12</u></p> <p>Kom verduidelik stap-vir -stap wat het alles bygedra tot die konflik/botsing in die kortverhaal.</p> <p><u>Aktiwiteit 13</u></p> <p>Daar is wonderlike gr. 8 taalhanboeke beskikbaar. Gaan soek na 'n hoofstuk in die handboek wat aansluit by hierdie kortverhaal se tema/les en behandel leeruitkoms 6 en sy assesseringstandaarde soos aangedui in die linkerkantse kolom.</p>	<p>Besoek aan 'n plek</p> <p>Observeringsvel</p> <p>Soek ooreenkomste</p> <p>Kom nader aan die waarheid</p> <p>Voel die storie aan jou eie lyf</p>	<p>Begaafde leerders moenie verwaarloos word nie.</p> <p>Begaafde leerders se kennis en verwysingsveld moet uitgebrei word.</p>
<p>Hulpmiddels: Fotostaat van verhaal, Woordeboek, Skryfbord, Spreker, Kasette, Rekenaar, Woordkaarte, TV, videobande</p>			

Assessering

Gee jou collage vir jou maat. Jou maat kies telkens die beskrywing wat die collage die beste beskryf

1. Pas die foto's by die tema wat uitgebeeld word?

Die foto's beeld nie die tema uit nie	Die foto's beeld die tema gedeeltelik uit	Die foto's is goed gekies. Slegs sommige foto's is onvanpas	Die tema is uitstekend uitgebeeld. Die meeste van die foto's pas by die tema.
---------------------------------------	---	---	---

2. Hoe lyk die bladuitleg van die foto's?

Die foto's is sonder beplanning ingeplak	Die bladuitleg is redelik gedoen	Die foto's is goed geplaas	Die foto's is op 'n besondere manier geplaas
--	----------------------------------	----------------------------	--

3. Wat is die algemene indruk van die collage?

Dit skep nie 'n goeie indruk nie	Dit skep 'n redelike indruk	Dit skep 'n goeie indruk	Dit lyk oorspronklik en baie moeite is gedoen
----------------------------------	-----------------------------	--------------------------	---

